



Stellenbosch

UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

Navrae

Prof Harold Lesch

021 808 3573

hlesch@sun.ac.za

Departement Afrikaans en Nederlands

Honneurs Taalpraktyk

Die hoofdoelstelling van hierdie program is om studente as navorsers in vertaling, tolking en redigering op te lei. 'n Verdere doelstelling is om studente op te lei om as taalpraktisyns te werk.

Die program bestaan uit vier verpligte modules en 'n keuse wat die praktiese modules betref. Die program strek oor een akademiese jaar en word deur middel van lesings aangebied.

Toelatingsvereistes

- 'n BA-graad met 'n taalvak as hoofvak.
- 'n Gemiddelde punt van 60% in die hoofvak wat tot nagraadse studie lei.
- 'n Suksesvolle toelatingstoets en, waar nodig, 'n deurslaggewende onderhoud.

Modules

Verpligte modules:

- Navorsingswerkstuk
- Redigeermetodiek en -praktyk
- Vertaal- en tolkteorie
- Vertaal- en tolkmetodiek- en praktyk

Kies **een** van die volgende modules:

- Praktiese tolking
- Praktiese vertaling

Taalopsies

Studente kies om met twee of drie tale te werk. Een van hierdie tale moet Engels wees. Die taalopsies is as volg:

- **Uit Engels in Afrikaans**, 'n Afrikataal, Chinees, Duits, Frans, Nederlands of Suid-Afrikaanse Gebaretaal.
- **Uit Afrikaans**, 'n Afrikataal, Chinees, Duits, Frans, Nederlands of Suid-Afrikaanse Gebaretaal in Engels.

Opmerkings

Nie alle taalopsies word noodwendig elke jaar aangebied nie.